

IV.

Die teorieë tot nog toe opgestel om die ontwikkeling van Afrikaans te verklaar, lij aan eensijdigheid. Die eenvoudigste verklaring is lang nie altoos die juiste nie, en die strewe om 'n verskijnsel aan één oorsaak toe te skryf waar meerdere in aanmerking kom, het die wetenskap seker al dikwels gehinder in sij voortgang. Nêrens miskien is dit opvallender as bij die verskillende teorieë oor die oorsprong van Afrikaans. Nie dat b.v. geleerdes as Dr. Hesseling en Dr. te Winkel daaraan sou dink om alle eigenaardighede van Afrikaans aan één oorsaak toe te skryf nie, soos b.v. aan Frans of Maleis-Portugees, maar bij die verkondiging van sij eie teorie is die opsteller tog maar selde tevrede om aan te toon dat dit of dat ook 'n belangrike faktor was — hij wil aantoon dat dit *die* faktor was. Natuurlik is dit wenslik om so definitief moontlike resultate te krij; 'n verklaring wat op vage algemeen-hede berus kan moeilik satisfaksie gee. Maar dit is nog geen rede waarom ons telkens, in ons haas om tot 'n duidelik bepaalde eindresultaat te kom, ons doel moet verbij skiet nie, om dan daarna weer 'n endjie terug te gaan. Dit is beter om langzaam maar seker ons doel te benader, deur die saak van alle kante te bekijk.

Die geskiedenis, sê Froude, laat hom partijmaal dink aan 'n kind se doos met letters, waarmee jij enige woord kan spel wat jij wil. Jij neem dan maar net uit wat jij

nodig het, rangskik dit soos jij dit wil hê, en die ander laat jij in die doos blij. Dit is ook gedoen, natuurlik nie met opset nie, deur sommige van die geleerdes wat teorieë opgestel het oor die ontwikkeling van Afrikaans. Beide Dr. H. en Mnr. van Rijn b.v. sal mij hierin direk gelijk wil gee! Nou is 'n teorie nooit die ware leer nie, soos Prof. Bolland sê, omdat dit nie van alle feite kennis neem nie. Maar die teorie wat kennis neem van die grootste aantal feite, die woord wat met die meeste letters gespél word, sal tog die meeste satisfaksie gee.

Gesteld dat dit moontlik was om te bewijs, dat b.v. Maleis-Portugees meer invloed gehad het op die ontwikkeling van Afrikaans dan Hottentots, Duits of Frans, dan nog sou dit, waar die aantal aanwysbare vreemde elemente in Afrikaans so gering is, weinig betekenis hê. En tog is ek dit eens met Dr. H., dat Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van 'n Nederlandse dialek kan genoem word nie.

Maar is dit dan nodig dat die verklaring alleen in een van twee rigtinge moet gesoek word? Sluit spontane ontwikkeling dan inwerking van vreemde elemente uit? Is daar, behalwe die twee, nie ook nog ander faktore wat in aanmerking kom nie? As ons kan uitmaak watter faktor die belangrikste rol gespeel het, soveel te beter. Maar dit kan ons alleen doen deur alle moontlike faktore in aanmerking te neem, en teen mekaar op te weeg, en nie deur bewijse te soek alleen vir b.v. Maleis-Portugese invloed nie, sonder onpartijdige inagneming van moontlike Hottentotse, Duitse, Franse invloed, of spontane ontwikkeling. En voordat daar nie 'n geleerde kom nie, wat kennis het

van 17^{de} eeuws Nederlands, Duits, Frans, Maleis-Portugees en van die teenswoordige Afrikaanse inboorlingetale, kan daar moeilik sprake wees van 'n onpartijdige en juiste beoordeling van die verskillende invloede. Tot solang moet ons tevrede wees met 'n algemene verklaring van die verandering wat Nederlands ondergaan het in Suid-Afrika, sonder te veel nadruk te wil lê op biesondere faktore.

Wat is dan die hoofteite wat die geskiedenis aan die hand gee, en wat is in hoofsaak die punte van verskil tussen Afrikaans en Nederlands?

Die geskiedenis toon aan dat, tot 1806, alle tale waarmee Nederlands in Suid-Afrika in aanraking gekom het, die veld moes ruim. Naas die alleenstaande gevalle van die aanleer van die een of ander vreemde taal, soos Hottentots of gebroke Portugees, staan die groot feit dat Hottentotte en Duitsers en Franse en slawe van alle nasionaliteite, in korter of langer tijd Nederlands, of Afrikaans dan, geleer praat het.

En die punte van verskil tussen Nederlands en Afrikaans kom bijna algar hierop neer, dat hulle kan beskou word as ontwikkelinge in die rigting van vereenvoudiging in Afrikaans, 'n vereenvoudiging waarvan nie die aard, maar die tempo bevreemding verwek.

Die groot beswaar teen alle teorieë wat die invloed van die een of die ander vreemde idioom aanneem om die ontwikkeling van Afrikaans te verklaar, is dat daarbij uit die oog verloor word, dat Afrikaans die taal was wat in Suid-Afrika die invloed uitgeoefen het, dat vreemdelinge Afrikaans gaan praat het, en nie anders om nie; en dat Afrikaans nie die karakter van 'n mengeltaal vertoon nie,

hoeseer dit ook mag afwijk van Nederlands. Die eerste word deur die geskiedenis bewijs, de tweede deur die taal.

Daar is niks om aan te toon dat in 'n Nederlandse Kolonie, onder 'n regering wat van die begin af gewaak het teen die indring van vreemde tale, waar die invloed van die inheemse tale op die gebied nul was, die handelstaal 'n ander sou gewees het as Nederlands nie. Dat daar ook soms Portugees en ander vreemde tale aan die Kaap gepraat is bij die aankoms van skepe, weet ons uit Sparrman (p. 27), maar dit sal in hoofsaak die geval gewees het bij die aankoms van vreemde skepe, en hoe gering die vreemde handel aan die Kaap was, het ons boog gesien. Vandaar dat die Kaapse kooplui hulle nie moeg gemaak het om vreemde tale te leer nie (Sparrman, p. 20). In Indië, waar die inheemse bevolking veel hoger gestaan het as aan die Kaap, en waar deur jarelange handel Portugees al grond gevat het vóór die koms van die Nederlanders, was die toestand anders. Daar moes die Nederlander, wou hij sake doen, hom aanpas aan die bestaande gewoontes. Aan die Kaap het alleen hij te bepale gehad wat die handelsgewoontes sal wees. As hij nie daar sij eie taal handelstaal gemaak het nie, dan was ons ou voorvaders minder verstandig as ons hulle voor aansien.

Die eerste inboorlinge-nasie waarmee van Riebeeck in aanraking gekom het, was die Hottentotte. Al heel gouw het hulle die taal van die wit man aangeleer. In 1657 kon die Hottentotte rondom die Kaap so goed Nederlands praat, dat 'n tolk nie meer nodig was nie (*Dagverhaal* II, p. 130). Vandaag is 'n vorm van Afrikaans die taal van die Hottentot, en is sij eie taal so goed as

uitgestorf, behalwe in afgeleeë streke soos Namaqualand.

Die tweede vreemde nasie waarmee van Riebeek in aanraking gekom het, was die slawe van die Weskus van Afrika. Die eerste lading slawe, uit Angola, het aan die Kaap aangekom 26 Maart 1658, die tweede lading, uit Guinea, 6 Mei van dieselfde jaar. Drie weke na die aankoms van die eerste lading, op 17 April, is Jan van Riebeek al „begonnen ordre te stellen op het schoolhouden voor de Angoolse Compagnieslaven ende slavinnen” (*Dagverhaal* II, p. 368). Waarom? Ek gloo nie ons doen die O.-I. Kompanjie 'n onbillikheid aan nie, as ons sê: om meer nut uit hulle te krij. As die slawe gebroke Portugees kon praat, en die blanke aan die Kaap ook, dan mag ons met rede twyfel of van Riebeek so haastig sou gewees het „met ordre te stellen op het schoolhouden”. Sondag, 20 Oktober van dieselfde jaar, kon een van die slawe „met gebroocken duytse woorden (al geleerd)” antwoord op vrae hom gestel (*Dagverhaal* II, p. 531). Die gang van sake wat ons hier beskryf word, kan ons ook verder vermoed. Telkens moes die slaweskool gesluit word, meestal wegens gebrek aan onderwysers, maar telkens werd daar weer 'n aanvang mee gemaak (*Theal, Hist. of S. A. I.*, p. 173, 252, 282 ens.). Vir later jare het ons minder gewens, en blij daar meer ruimte vir fantasie. Soveel blij seker, dat die nakomelinge van al die slawe, uit Oos en Wes, vandaag Afrikaans praat, en dit al vir die laaste honderd jare doen.

Omstreeks 1688 het die Franse vlugtelinge aangekom. 'n Dertig jaar na hulle aankoms was daar nog maar 'n vijfentwintig bejaarde mense wat nie Nederlands geken

het nie (Theal, *Hist. of S. A.* II, p. 82). Vandaag is die nakomelinge van die Hugenote nog net aan hulle Franse name te onderskei van die res van die bevolking.

Dieselfde geld van die Duitsers — wat 27 % van die totale blank bevolking aan die Kaap uitgemaak het teen die einde van die 18^{de} eeu, teenoor 17 % nakomelinge van die Hugenote en 4½ % van ander nie-Nederlandse Europese nasionaliteite (vgl. Colenbrander, *De Afkomst der Boeren*, p. 111). Ook die Duitsers en ander vreemdelinge kan vandaag nog net aan hulle name onderskei word.

Almaal met wie die Nederlander in aanraking gekom het in Suid-Afrika, gedurende die eerste 150 jaar na sijn landing aan die Kaap, het sijn taal oorgeneem, behalwe die Kaffers. Met die was die aanraking dan ook minder nou, die Kaffers hou vas aan hulle taal, en hulle getal in Suid-Afrika is groot, veel groter in vergelyking met die blanke dan die van die Hottentotte en die slawe.

Tot 1806 kon die inwoners van die Kaap altijd ingedeel word in twee groot klasse, die wat von haus aus Nederlands praat, en die wat Nederlands leer praat of al geleer praat het. Die taal van die eerste groep kan oorgeërfde Nederlands, die van die tweede groep geadapteerde, aangeleerde, of vreemdelinge-Nederlands genoem word. Veral in die tweede groep sal daar onderling nog al verskille bestaan het, maar ten opsigte van die oorgeërfde Nederlands sal die aangeleerde Nederlands van die Hottentot en die slaaf, die Fransman en die Duitser, 'n geheel gevorm het, en met betrekking tot die invloed wat die twee vorme van Nederlands op mekaar gehad het, kan ons hulle as twee aparte, afgebakende taalvorme beskou,

alhoewel die een natuurlik mettertijd in die ander oorgegaan het, soms selfs in die mond van dieselfde individu, en die Nederlands van die Duitser nader aan oorgeërfde Nederlands sou gestaan het as die van die slaaf, en gouwer daarin sou oorgegaan het.

Dat ons vandaag kan ontken dat Afrikaans 'n mengeltaal is, is o. a. daaraan te danke dat die Kaapse regering van die begin af daarvoor gesorg het, sover as 'n regering so iets kan doen, dat Nederlands die landstaal sou blij, dat die verhouding in aantal tussen Nederlanders en hulle nakomelinge in Suid-Afrika teenoor vreemdelinge, altijd so was dat die eersgenoemde die meeste seggenskap gehad het, dat die taal van die Bijbel en die huisgodsdienst altijd in die hoogste eer gehou is, dat die Boer die inboorling so minag dat die taal van die laaste weinig of geen vat op hom het nie, en dat die eerste Koloniste, soos Dr. H. (*Taal en Lett.* X, p. 230) sê: met bewonderenswaardige taaigheid aan hulle moedertaal vas gehou het.

In sover nou as Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van Nederlands is nie, is dit 'n ontwikkeling van Nederlands onder invloed van die geadapteerde Nederlands van vreemdelinge.

Met dit aan te neem, loop ons nie gevaar sekere belangrike geskiedkundige feite te negeer en ander in 'n te sterk lig te stel nie. Dit kan wees dat so 'n summaire opsomming enige minder belangrike puntjies nie tot hulle volle reg laat kom nie, maar as die verklaring in die algemeen waar is, dan is ons 'n stappie verder as die Maleis-Portugees teorie ons gebring het. Dat daar hier en daar 'n Maleïsme, Germanisme, Gallisisme, Hottentotisme in

Afrikaans sal kan aangewijs word, is meer dan moontlik. Dit hang o. a. af van hoeveel van hulle eie taal die een of ander taalkundig samehorende groep van vreemdelinge oorgedra het op hulle aangeleerde Nederlands, en in hoever die oorgeërfde Nederlands aanknopingspunte gebied het vir bepaalde verskijnsele in die taal van die een of ander groep van vreemdelinge.

Die merkwaardige feit dat oor 'n gebied van 500,000 en meer vierkante mijl, behoudens klein afwijkinge, één taalvorm heers (vgl. Viljoen, *Cap-Holländisch*, p. 31), vind vir 'n deel sijn verklaring hierin, dat wat die hoofpunte betref, die ontwikkeling oorals en voortdurend onder min of meer gelijke omstandighede plaas gevind het. As sterkere inwerking van een of ander vreemde taal plaas gevind het, moes dialektiese verskeidenheid daar die noodsaaklike gevolg van gewees het. As Afrikaans 'n mengeltaal geword het in die mond van Koloniste wat Maleis-Portugees gaan praat het, dan sou daar sijn in die onmiddellike omstreke van die Kaap 'n dialek ontwikkel het, wat vrij wat moes verskil het van die vorm van Afrikaans wat sou ontstaan het as die Koloniste van die binneland Hottentots geleer praat het. As ons aanneem dat die inwerkende taal geadapteerde Nederlands was, wat min of meer dieselfde moes gewees het in die mond van die vreemdelinge van verskillende nasionaliteite, dan word die afwesigheid van dialekte meer verklaarbaar. Om die afwesigheid te verklaar, deur aan te neem dat Afrikaans reeds vóór die middel van die 18^{de} eeuw sijn beslag gekrij het (*Het Afr.* p. 70), is gevaarlik. Daar is niks om dit te bewijs nie. Die manifes van Barbier (t. a. p. p. 13) is

waarskynlik in aangeleerde Nederlands opgestel. Barbier was 'n Fransman, en Pletsholt, gesteld dat die werklik aandeel gehad het in die opstel (vgl. Kruisinga, *Taal en Lett.* p. 420), bes moontlik 'n Duitser. Dr. Viljoen (t. a. p.) neem aan — en verder kan ons met veiligheid nie gaan nie — dat Afrikaans sijn teenswoordige karakter gekrij het vóór die Trek van 1836. Ook wat betref eenvormigheid oor die hele taalgebied, sal ons goed doen met nie net één oorsaak aan te neem nie. Vir meerdere oorsake kan ek hier verwijs na die meergenoemde *Cap-Holländisch* van Dr. Viljoen, p. 31, 32.

Die vraag kom natuurlik op: As die vreemde volke so gouw Nederlands geleer het, hoe kom dit dan dat Nederlands so vinnig verander het, aangesien die regeringstaal sulke groot voorregte boe die ander tale besit het? Daarbij moet in aanmerking geneem word, dat aangeleerde Nederlands nog geen suiwer Nederlands was nie, dat die sprekers van aangeleerde Nederlands voortdurend in die meerderheid was, en deur sterkere immigrasie in die meerderheid gehou werd ten opsigte van nuwe aankomelinge uit Nederland. As één geslag van vreemdelinge so ver was dat hulle aangeleerde Nederlands bij benadering dieselfde was as die oorgeërfde Nederlands, dan was daar weer 'n nuwe geslag wat besig was om Nederlands aan te leer. En die proses was oor die hele gebied gedurende honderdvijftig jaar en meer in werking. Tog het die landstaal nooit gevaar geloop om verdring te raak nie, want die nakomelinge van die vreemdelinge het betreklik gouw opgegaan in die Nederlandse deel van die bevolking, wat hulle taal betref, so nie in die eerste geslag nie, dan in

die tweede. Die assimilasië-vermoge van die Nederlandse element het dus voortdurend toegeneem, hoewel die graad van assimilasië aan die oorspronklike Nederlands afgeneem het.

Om die snelle vervorming van Nederlands tot Afrikaans te begryp, moet verder in aanmerking geneem word, dat die offisiële taal, van die begin af, vrij ver verwijder moes gewees het van die spreektaal van ons oudste matrose- en soldate-voorouers, en hoe langer hoe meer verwijder geraak het, naarmate die spreektaal gaan afwijk het van die oorspronklike Nederlands, sodat die offisiële taal hoe langer hoe minder invloed gehad het op die spreektaal.

En dan het die spreektaal, afgesien van invloed van buite, geleentheid gehad om natuurlik te ontwikkel soos miskien geen ander germaanse taal wat ons van weet nie. Wat van die invloed van die regeringstaal geld, geld ook van die invloed van die Bijbeltaal. Ook die was ver verwijder van die spreektaal, hoewel deur daaglikse oefening daarin, die Bijbeltaal veel moes gedoen het om die kennis van Nederlands lewendig te hou. Die invloed van die skool, waarvan die Europeër hom moeilik 'n idee kan vorm, omdat hij buiten die skoolmure nog altijd in die skool is, was heel gering. In 1739, bijna 90 jaar na die stigting van die Kaap Kolonie, was daar drie regeringskole (*Het Afr.* p. 71)! Op die boereplase was die onderwyser meestal 'n gewese soldaat of matroos, wat van die een plaas na die ander getrek het om die kinders voor te berei vir die katekisasië, en verder so 'n bietjie touwwijs te maak in die lees-, skryf- en rekenkuns. In die maat-

skaplike omgang was daar weinig verskil in rang, geen konserwatiewe, beskaafde omgangstaal nie (*Het Afr.* p. 71; *Afr. Stud.* p. 66). Die meeste van die remmende faktore wat in Nederland gewerk het, was in Suid-Afrika afwesig, en bijna al die faktore wat spontane ontwikkeling bevorder, was aanwesig. In vergelyking met ander Europese tale was die ontwikkeling van Afrikaans seker snel, maar die omstandighede en toestande in Suid-Afrika in aanmerking geneem, is die snelle ontwikkeling nie onbegrijpelijk nie. Ook hier moet die verklaring gesoek word in die massa samewerkende faktore waaronder, behalwe spontane ontwikkelingsfaktore, die inwerking van die vreemdelinge-Nederlands waarskynlik die belangrykste is.

Ons het meerdere male geleentheid gehad om te betoog dat die afwykinge in Afrikaans nie van die aard is dat Afrikaans 'n mengeltaal kan genoem word nie. 'n Mengeltaal ontstaan in die mond van 'n tweetalige volk. As Afrikaans vandaag op die weg is om 'n mengeltaal te word, dan is dit omdat die Afrikaner naas Afrikaans ook Engels praat. As die Engels wat in Suid-Afrika gepraat word, die karakter van 'n mengeltaal krij (vgl. Pettman, *Africanderisms*, p. 15, 16), dan is dit omdat die Engelman in Suid-Afrika naas Engels ook Afrikaans leer praat. Die gevaar van 'n mengeltaal te word, het vir Afrikaans pas begin ontstaan toe die Afrikaner, behalwe sijn eie taal, ook nog 'n vreemde begin leer het. Windisch sê met betrekking tot Latijn en Kelties, en dit is ook waar met betrekking tot Afrikaans en die tale waarmee Afrikaans in aanraking gekom het: „Nicht die erlernte fremde

Sprache, sondern die eigene Sprache eines Volkes wird, unter dem Einfluss der fremden Sprache, zur Mischsprache".¹⁾ In die mond van die Hottentotte, slawe, Franse, Duitsers en ander vreemdelinge in Suid-Afrika, het 'n mengeltaal, of liever mengeltale, ontstaan. Die so ontstane mengeltale — wat ten opsigte van die suiwere taal as één taal kan beskou word — is dit, wat ingewerk het op Afrikaans, en die eigenaardige gevolg gehad het, dat terwyl die Afrikaanse woordeskat bijna suiwer Nederlands is, die Afrikaanse grammatika die meeste afwijkinge vertoon. Afrikaans was op *indirekte* manier onderhewig aan 'n invloed, te sterker omdat dit maar half-vreemd was. Vandaar dat dit vandaag so suiwer Nederlands is, en vandaar dat dit vandaag nie suiwerder Nederlands is nie.

Is die verskil tussen die Maleis-Portugees teorie en die van die vreemdelinge-Nederlands nou so groot? Ja en nee. Afrikaans is nie die suiwere ontwikkeling van Nederlands nie. Sover kan ons Dr. H. gelijk gee, alhoewel ek 'n groter rol aan spontane ontwikkelingsfaktore sou wil toegeken sien, as Dr. H. doen. Dr. H. hou m.i. in die praktijk nie genoeg rekening met die vorm van Nederlands, die 17^{de} eeuwe spreektaal, meer biesonder die 17^{de} eeuwe seemanstaal, waaruit Afrikaans sij oorsprong geneem het nie. Hij laat ook nie ten volle reg wederveraar aan faktore soos gebrek aan onderwijs, afwesigheid van 'n literatuurtaal, invloed van omgewing, okkupasie, klimaat en wat verder in aanwerking mag kom nie. (Theal

¹⁾ Ber. d. königl. Sächs. Gesellsch. d. Wissensch., phil. hist. Cl. XLIX, p. 104: Zur Theorie der Mischsprachen und Lehnwörter.

spreek nogal beslis oor die invloed van die klimaat op die Afrikaanse klanke, vgl. *Hist. of S.A.* II. p. 329, uitg. 1897).

Maar waar die eigelike verskil tussen die twee opvattinge inkom, is dat Dr. H. as hoof faktor aanneem die direkte inwerking van 'n spesiale taal van 'n onderdeel van die bevolking, deurdat die Nederlandse koloniste in so 'n mate Maleis-Portugees aangeleer het, dat hulle eie taal daardeur 'n mengeltaal geword het; terwyl ek meen dat die Koloniste nooit in groot getalle watter vreemde taal dan ook, aangeleer het nie, en dat hulle taal alleen, of in elk geval hoofsaaklik, indirek onderhewig was aan invloed van buite af, naamlik langes die weg van die geadapteerde Nederlands van die vreemdelinge.

In sover as dit nou wenslik mag wees om agter te kom in watter mate elk van die verskillend geskakeerde vorme van die vreemdelinge-Nederlands invloed gehad het op die ontwikkeling van Afrikaans, moet in aanmerking geneem word die getalsterkte van die verskillende groepe van vreemdelinge, die duur van aanraking en die graad van verwantskap tussen Nederlands en die vreemde taal, en die maatskaplike posisie van die sprekers daarvan. Nader ondersoek, óók, en veral, van die vorme van Afrikaans wat leef in die monde van b.v. die Hottentotte en Maleiers van vandaag, sal hierop meer lig kan werp. In aanmerking sal veral moet kom Hottentots-Afrikaans, Duits-Afrikaans en Maleis-Afrikaans. Duits-Afrikaans sal moeilik te ondersoek wees. Dit moet ook in die oog gehou word, dat Maleis-Afrikaans nie sameval met slawe-

Afrikaans nie, omdat onder die slawe baie heterogene elemente was. Duits-Afrikaans sal dan miskien blyk van meer belang gewees te hê, as gewoonlik vermoed word. Want Duits was in 'n gunstige posisie wat betref graad van verwantskap, getalsterkte van die Duitse element onder die blanke, hulle maatskaplike posisie in vergelyking met die slawe en die Hottentotte, sowel as die duur van aanraking.

Die mees ingripende invloed van so 'n gang van sake as ek dit mij voorstel, moes op die vormleer gewees het. Wanneer 'n nuwe taal aangeleer word, dan speel die analogie 'n ontsaglike groot rol. Met onregelmattighede, afwykinge, seldsame vorme, word kort proses gemaak. Verstaanbare uitdrukking is sowat die enigste doel van iemand wat 'n nuwe taal aanleer op die manier soos die vreemdelinge in Suid-Afrika Nederlands aangeleer het, naamlik op die gehoor. Daar uniformiteit tog reeds die rigting is waarin die taal sig ontwikkel, en in die geval die aantal sprekers in die meerderheid was, bij wie analogiewerking kon plaas vind, sonder baie van die gewone remmende faktore soos ouderlike verbetering van foute, moet ons 'n ingripende vereenvoudiging van die vormleer verwag. Dat daar nog soveel onnodige vorm-elemente agter gebly het, soos b.v. die voorvoegsel van die verlede deelwoord, kan ons verbaas. Hier was die analogiewerking so sterk dat die voorvoegsel uitbreiding gekrij het; vorme as *geverloor*, *geondersoek*, *geontvlug*, ens. kom baie voor in die spreektaal. Ook die *e* agter die meeste bijvoeglike naamwoorde is 'n eigenaardige en moeilik te verklare verskijnsel. So iets wijs daarop, dat hoewel die Afrikaanse

grammatika nie suiwer gebly het nie, die ontwikkeling uit die moedertaal direk en onverbroke moes plaas gevind het. Die Nederlandse deel van die sprekers het ondanks hulle numerieke minderheid, die ontwikkeling van die taal bly beheers.

Ook kan dit verbasing wek dat die Afrikaanse klankleer so dig bij die Nederlandse staan. Dit is moeilik om uit te maak in hoever die afwijking in die konsonantisme, b.v. die verskerping van *v*, *z*, *sch* aan vreemde invloed te danke is, en in hoever die verskerping al uit Nederlandse dialekte oorgeërf is. In die afwijkinge van die vokalisme, b.v. die „verhoging” (Le Roux, *Klankleer*, § 48) van *e*, *o*, kan ook die klimaat 'n rol gespeel het. Die sametrekkinge soos *vool*, *aand*, *boo*, *wa*, kan sowel aan spontane ontwikkeling as aan vreemde invloed, waarskynlik aan albei, toegeskryf word. Die dialektiese uitspraak van *e*, *o*, *j*, in die buurt van die Paarl, is waarskynlik aan vreemde invloed toe te skryf. Of die vreemde invloed Maleis of Engels was, laat ek daar.

Op hierdie en soortgelyke kwessies sal 'n vergelykende studie van die verskillende vorme van Afrikaans, soos Hottentot-Afrikaans, Engels-Afrikaans, Maleis-Afrikaans, later misskien meer lig laat val.

Die verdere toepassing van die gewijsigde teorie ¹⁾ laat ek agterwege. Die bedoeling was om aan te toon dat die

¹⁾ Die gewijsigde teorie wat hier voorgestel word, het sig aan mij opgedring bij die bestudering van Dr. H. se teorie. Bij Dr. Kruisinga skijn dieselfde die geval gewees te hê, vergelyk *Taal en Lett.* XVI, p. 436. 'n Benadering van die geadapteerde-Nederlands teorie het Ds. Postma gegee in *Die Brandwag* van 15 Februarie en 1 Maart 1912.

Maleis-Portugees teorie van Dr. H. te veel geskiedkundige feite buiten rekening laat, dat die hoofargumente, 1^o. dat Afrikaans 'n mengeltaal is, en 2^o. dat Afrikaans dit geword het omdat die Kaap-Koloniste Maleis-Portugees gaan praat het, hoogs twijfelagtig, so nie beslis onjuis is nie, en dat die feite wat Dr. H. versamel het, op 'n meer aanneemlike manier kan, in elk geval op 'n meer aanneemlike manier moet, verklaar word.
